Sal ons voortruk? Tienduisend stemme antwoord, „Ja!” Ons leuse behoort altyd te wees, „Nooit terugval nie!” Dit word vertel dat in een van Napoleon se groot veldslae sy manne begin terugval het; dit het geskyn asof die vyand die oorhand gekry het. Napoleon het deur sy verkyker die ramp aanskou. Hy het 'n jong trompetblaser geroep en bevel gegee, „Blaas die aftog.” Die jong man het die sinjaal „Voorwaarts,” geblaas, en die terugvallende manskappe het vasgesteek. Napoleon het die jong man 'n skrobering gegee, en gesê „Ek het jou bevel om die aftog te blaas, en jy blaas „voorwaarts.”” Die jong man het geantwoord, „Generaal, my bevelvoerder het my nooit geleer om die aftog te blaas nie, dog ek kan die „voorwaarts”

blaas totdat al die soldate weer bymekaar staan en ons sal die vyand 'n neerlaag besorg.” En as gevolg van sy geblaas het die terugvallende manskappe omgedraai en 'n heerlike oorwinning behaal.

Tot dusver in ons negen-en-tagtig jaar se werk, het Sewende-dag Adventiste nog nie geleer om terug te val nie. Hulle maak nie op daardie manier oorlog nie—hulle weet alleen om voort te ruk. Met 'n besnoeide begroting in 1933, het ons nuwe werk begin in twee-en-twintig lande en eilande, en in negentien nuwe tale.

Die waarheid neem besit van die verstand en harte van die mense tot saligheid. Dit is vir ons oorwinnende Koning wat ons arbei en opoffer. Hy het vir ons gestorf. Ons bietjie diens, opoffering en geloof, swak soos dit ook al is, is Sy grootste vreugde. En die engele skare verbly hulle oor elke sondaar wat tot bekering gebring word.

Ons groot Bevelvoerder het gesê, „Gaan, . . . maak Christene van alle volke.” Dit moet ons doen teen groter koste en opoffering; dit is ons opgelegde plig en gegewe taak om Gods werk te voltooi. Hy het gesê dat Hy sy werk sal volbreng, en ons weet dat Hy dit sal doen met die hulp van Sy getroue diensknegte. God sal toesien dat wat Hy Hom voorgeneem het, tot volvoering gebring sal word. Hy vergeet nooit. Die werk mag verhinder of vertraag word deur Sy volk, dog al Sy beloftes sal in vervulling tree.

Ons eie ewige loon hang af van wat ons persoonlik doen. Die win van siele, om vir Christus te getuig om mense te help om te glo, dit is ons hoogste voorreg, en sal aan ons ons groot beloning besorg. „En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspannel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.” Dan. 12:3.

Ten einde die kerk in staat te stel om gehoor te gee aan die Macedoniese roepstemme om hulp, en om tred te hou met die voorsienigheid van God; sodat die hele kerk mag deel hê aan die ewige loon in die wins van siele vir Christus; en ten einde die wêreldkonferensie in staat te stel om hul begroting gedurende 1935 te laat klop en ons werksaamhede onder die leiding van die Heilige Gees uit te brei,

Bestuit ons, 1. Dat al ons divisies buitkant Noord Amerika sal onderneem om hul sending offerandes gedurende 1935, bo die van 1933 met van vyftien tot twintig persent te vermeerder.

2. Dat alle konferensies in Noord Amerika sal trag om gedurende 1935 die gestelde doel van veertig sent per week per lid te bereik, en om die doel met soveel moontlik te oortref.

Dat in konferensies waar hierdie doel nie kan bereik word nie, hulle sal onderneem om 'n bepaalde som byeen te bring wat die offerandes van 1934 met van vyftien tot vyf-en-twintig persent sal oortref.

Dat elke unie konferensie die doel van hul plaaslike konferensies, wat nie die veertig sent per lid per week kan behaal nie, sal vasstel.

Week van Opoffering 1935

J. F. WRIGHT

DIE Divisie Komitee het op hul onlangse vergadering, 9 tot 16 Februarie vasgestel as die Week van Opoffering vir hierdie jaar. En nou wil ons graag die saak onder die aandag bring van beide onse werkers en kerkelede.

Waar ons let op die bedrag wat in 1934 ontvang is, merk ons 'n vermindering vergeleke met vorige jare. Ons is jammer hieroor en voel dat dit nie behoort te wees nie. Dit behoort nie so te wees nie want tye is beter en die behoeftes om nuwe velde binne te dring is baie groter as ooit tevore. Daarom maak ons hierdie jaar 'n dringende beroep op die leke sowel as die werkers om 'n volle week se inkomste af te staan in verband met hierdie spesiale oproep.

Waar u hierdie oproep in oorweging neem, laat my toe om u aandag op die volgende uittreksels uit die Gees van profesie te vestig:

„Die fondament van die verlossingsplan was in opoffering gelê.”—*Deel III, bls. 387.*

„Hy vra om 'n teruggawe van die gawes wat Hy aan ons toevertrou het, om te help in die redding van siele.”—*Deel III, bls. 390.*

„Hy het Sy bloed gegee; Hy vra ons silwer.”—*Deel III, bls. 390.*

Hierdie aanhalings is gewis duidelik en kragtig. Hulle is saaklik en behoeft geen kommentaar nie. Hulle dien waarlik om ons aan te spoor tot heilhartige samewerking om die Week van Opoffering hierdie jaar 'n magtige faktor te maak in die uitvoering van ons sendingprogram.

Dan wil ons, behalwe die voorgenoemde aanhalings uit die geskryfte van die diensmaag van die Here, ook u aandag vestig op die artikel getitel, „Terugval of Voortruk, Watter?” wat in hierdie uitgawe van die *OUTLOOK* voorkom. Lees dit seker want dit verkondig aan ons leke oor die wêreld die oproep van die Wêreldkonferensie Komitee by hul Lente Raadsitting. U sal opmerk dat daar 'n beroep gemaak word op elke divisie om hul sendingofferandes gedurende 1935 met van vyftien tot vyf-en-twintig persent te vermeerder bo dié van 1933.

Die vraag natuurlik, waarvoor ons as individue hier in die Suidelike Afrikaanse Divisie te staan kom, is, wat gaan elkeen van ons doen in antwoord op hierdie oproep? Daar kan maar slegs een antwoord wees. Ons moet saamstaan om die vermeerdering te verwesenlik. Daarom hoop ons van harte, en verwag ons met volle vertroue dat die 1935 Week van Opoffering 'n poging sal wees in die verwesenliking van die voorgestelde vermeerdering.



„LAAT daar in die siel geen klippe, dorings, of ander hindernisse wees wat die groei van die graan belemmer nie; laat daar ryk skoon grond wees, en dan sal die warm son, wat anders sou verskroei, 'n dieper kleur aan die plantegroei gee.”

Die Christelike Gees van Opoffering

A. E. NELSON

VAN ewigheid af het die verlossingsplan gepaard gegaan met opoffering. God die Vader het 'n groot opoffering gemaak toe Hy Sy eniggebore Seun aan die wêreld gegee het; Jesus het die hoogste offer gebring, toe Hy Sy lewe gegee het om vele te red; die kind van God moet offerings maak vir die saak van Christus. Die gees van opoffering is dus die ware gees van Christus.

Hierdie gees is by uitstek waarneembaar in die lewe en ondervinding van Abraham. Toe God Abraham, Sy gekose dienskneg, geroep het, het hy die liefde van sy huisgenote en bloedverwante geniet, en die voordele van die vrugbare vallei van Mesopotamië. Die rustige stilte van sy huislike geluk was verbreek deur die roeping van God wat hom sou lei na 'n vreemde land. Met die moed hom eie het hy die geliefde tonele en bekende omgewing van sy tuiste verlaat en die toekoms tegemoet gegaan—onbeproof en onbekend. Hy het nie geweet waar hy heengaan nie, maar hy was oortuig dat

TIENDE BULLETIN, No. 10

Van Adam tot die Einde van Tyd

„Die tiendestelsel het bestaan vóór die tyd van Moses. Gifte en offerandes vir godsdienstige doeleindes was van die mens verwag vóór die definitiewe stelsel aan Moses gegee was; dit gaan selfs so ver terug as die tyd van Adam.”—*„Testimonies,” Deel III, bls. 393.*

VAN GODDELIKE OORSPRONG

„Almal mag dit aanneem met geloof en moed, want dit is van goddelike oorsprong.”—*„Testimonies,” Deel III, bls. 388.*

BEDOEL OM 'N GROOT WAARHEID TE LEER

„Die stelsel van tiendes en offerandes was bedoel om 'n groot waarheid aan die verstand van die mens te bring,—n.l. dat God vir Sy skepsels die bron van alle seën is, en dat die mens aan Hom dankbaarheid verskuldig is.”—*„Patriarchs and Prophets,” bls. 525.*

„Nie alvorens God ophou om Sy kindere te seën, sal hulle verpligting om die vereiste deel aan Hom terug te gee, ophou nie.”—*„Acts of the Apostles,” bls. 339.*

„Ook al die tiendes . . . behoort aan die Here; dit is heilig aan die Here.” Lev. 27:30.

„Van al ons inkomste behoort ons eerste aan die Here Sy deel te gee.”—*„Testimonies,” Deel IV, bls. 474.*

'N VLOEK UITGESPREEK

„Maar terwyl Hy 'n seën uitspreek oor die wat hul tiendes inbring, spreek Hy 'n vloek uit oor die wat dit agterhou. Net onlangs het ek op hierdie punt direkte lig van die Here ontvang dat baie Sewende-dag Adventiste die Here in tiendes en offerandes beroof, en dit is duidelik aan my geopenbaar dat Maleachi die saak voorgestel het soos dit werklik is. Hoe durf iemand selfs in sy hart dink dat die gedagte om die tiendes en offerandes agter te hou, van die Here is?”—*„Testimonies to Ministers,” bls. 60.*

“NAMATE SY VOORSPOED IS”

„Volgens die bedrag wat ontvang is, is die bedrag wat gevra word. Hoe groter die kapitaal wat aan ons toevertrou word, hoe waardevoller die gif wat die Here verwag. As 'n Christen tien of twintig duisend pond besit, is die eise van God bindend op hom, nie alleen vir sy deel volgens die tiendestelsel nie, maar ook om sy sondoffers en dankoffers aan die Here te bring. Die Levitiese bedeling het op 'n merkwaardige manier uitgemunt weëns die heiliging van besittings. As ons van die tiende praat as die standaard vir die Jood se bydrae vir godsdienstige doeleindes, dan praat ons sonder verstand. Die Here het Sy eise op die voorgond gestel en in byna elke ding moes hulle aan die Gewer dink deurdat hulle verplig was om aan die Here te offer. Hulle was verplig om 'n losgeld te betaal vir hul eersgeborene seun, die eersteling van die kudde, die eerste insameling van hul oes. Hulle was verplig om die hoeke van hul oeslande aan die armes oor te laat. Wat gedurende die oes uit hul hande geval het, is vir die armes laat staan. En een keer in elke sewe jaar het hul lande vanself vir die behoeftiges voortgebring. Verder was daar die offerandes vir oortredings, vir sondes, en elke sewende jaar die kwytskelding van al die skulde. Ook was daar heelwat onkoste vir gasvryheid en gifte aan die armes en daar was heffings op hul eiendom.”—*„Testimonies,” Deel IV, bls. 467.*

waar God lei, dit die beste sou wees.

Later, toe God Abraham se huis begunstig het met die vrolike stem van 'n enigste seun wat vir Sara en Abraham dierbaarder geword het gedurende twintig gelukkige jare saam, het God 'n verdere offer verlang. In die stilte van die nag het God Abraham geroep, en met gesag 'n bevel gegee wat sy dierbaarste skat van sy hart sou skeur. Abraham moes sy seun offer op Moria. Het dieselfde offervardige gees, wat op die altaar van Abraham se hart gebrand het toe hy Mesopotamië verlaat het, nog met dieselfde glans geskyn? Die toets moes gemaak word om die antwoord op hierdie vraag te vind. Die uitslag het bewys dat Abraham nog die vriend van God was—iemand in wie die gees van opoffering nie 'n klein, flikkerende vlammetjie was nie, maar 'n goddelike vuur. Abraham het gehoor gegee aan die oproep tot selfopoffering.

As kinders van Abraham, behoort die oorblyfsel kerk van God 'n ooreenkomstige gees van opoffering te besit. Dit kom uit in een van die psalms wat die geveulde sanger van Israel waarskynlik gekomponeer en dikwels gesing het:

„Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor Sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig. Hy roep na die hemel darbo en na die aarde om Sy volk te oordeel. Versamel My gunsgenote vir My, hulle wat My verbond by die offer maak.” Ps. 50:3-5.

Die vergadering van die heiliges as Jesus kom, sal geskied volgens dieselfde toets wat Abraham moes deurmaak—die toets van opoffering. „Versamel My gunsgenote vir My, hulle wat My verbond by die offer maak.”

Die oorblyfsel kerk was gestig in selfopoffering; dit sal seëvier in dieselfde gees. Afgemat het die baanbrekers geworstel met die probleem om die wêreld te waarsku; hulle het geen vergoeding ontvang nie en moes hulle eie private inkomste gebruik om die werk te begin. God het hul geloof en opoffering ryklik geseën en hul figuurlike brode en visse vermenigvuldig totdat daar vandag wedergebore siele in alle lande van die wêreld is as monumente tot hulle getrouheid. Hierdie baanbrekers het opgeoffer deur aan God te gee wat hulle werklik vir hulleself nodig gehad het. In onse tyd het ons ook al sulke selfopoffering gesien,—die kind van God wat sonder 'n maaltyd bly, die getroue suster wat sonder 'n nuwe tabberd klaarkom, die sendeling wat 'n week se salaris bydra, die kolporteur wat sy voorspoedigste week se profyt afgee—almal het dit gedoen om die fondse van die Week van Opoffering te styf.

Ons werkers het nog altyd in die verlede gehoor gegee aan die oproep met die Week van Opoffering. Dit word nie van u vergev nie, maar nogeens word die werkers genooi om 'n week se salaris aan God terug te gee. En ons nooi ons broeders en susters om saam met die werkers 'n week se inkomste aan die saak van die Here te wy.

S. A. Unie-Konf.

President
J. E. Symons
Skr.-Tes.
P. W. Willmore
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

WAT sal ons klaarmaak vir die middagete?

„Dit is die wil van die Here dat manne en vroue oral sal aangemoedig word om hul talente te ontwikkel deur gesonde voedsel voor te berei van die natuurlike produkte van hulle deel van die land. . . . In die gebruik van voedsel moet ons gesonde verstand gebruik. As 'n sekere voedsel nie met ons akkordeer nie, is dit nie nodig om briewe te skrywe teneinde die oorsaak van die moeilikheid vas te stel nie. Verander die diët; gebruik minder van sekere kossorte; probeer ander. . . . Laat ons as intelligente mense self die beginsels studeer en ons ondervinding en oordeel gebruik om te besluit watter voedsel die beste vir ons is.

„Die voedsel wat ons gebruik moet geskik wees vir die werk wat ons doen en die klimaat van die land. . . . Dit is goed om ryk nageregte te laat staan. . . . Daar is arm gesinne wat grootliks van melk en brood lewe. Hulle kry min vrugte en kan nie neute bekostig nie. In ons onderrig van gesondheidshervorming. . . . moet ons die mense neem waar hulle is. Voordat ons hulle kan leer om gesonde voedsel wat smaaklik en voedsaam is, voor te berei, het ons nie die reg om die uiterste posisies aangaande gesondheidshervorming te verkondig nie.”—„*Counsels on Health*,” blss. 476-478.

Sien u, my vriend, hoe simpatiek en vol gesonde verstand die onderrig in die Gees van profesie aangaande ons diët is. Daar is sekere beginsels waarvolgens ons ons voedsel moet kies en voorberei. Die besonderhede word egter aan ons eie smaak en voorkeur oorgelaat.

Maar wat sal ons klaarmaak vir die middagete? Dit is goed om verskeidenheid te hê, maar nie te veel nie. Een soort proteïene en twee groentesoorte is genoeg verskeidenheid, en die regte verhouding. Deur proteïenes bedoel ons bone, erte, lensies, of neute, melk, eiers, of suurmelkkaas. Deur groente bedoel ons een uit elke van die volgende groepe:

1. *Styselagtig*,—rys, aartappels, patattas, wortels, witwortels, rape, limabone of groenmielies.

2. *Nie-styselagtig*,—groen groente van alle soorte, kool, groenbone, tamaties, blomkool, aspersie of eierplant.

Behalwe hierdie geregte, mag rou groente in die vorm van slaai bedien word, soos: kropslaai, selery, kool, komkommer, radyse, wortels, tamaties, bronkors of spinasie.

Brood en botter of ryp olywe kan tereg deel uitmaak van elke maaltyd.

'n Eenvoudige nagereg is lekker om die ete mee af te sluit. Dit kan heuning, eenvoudige koek, junket, blanc-mange, of rosyne, dadels of vye wees.

Nou net 'n paar wenke aangaande die voorbereiding van hierdie voedsel. In ons beperkte ruimte kan dié maar net van algemene aard wees. Dit is nie verstandig om te veel vetterigheid of olie in die voorbereiding van ons voedsel te gebruik nie. Dit is onverteerbaar. Kook is goed, as dit reg gedaan word. Bak, op die regte manier, is nog beter, want dan behou die voedsel sy smaak en dit word droër bedien, wat aanleiding gee tot beter kou. Sout moet baie matig gebruik word. Peper, moster en asyn moet gladnie gebruik word nie. Vir slaai is suurlemoensap baie smaakliker en gesonder.

Bedien altyd die voedsel op 'n aantreklike manier en laat dit so eetluswekkend as moontlik lyk. Dit is verstandig om die kinders te leer om alle soorte gesonde voedsel te gebruik, maar dit moet op 'n taktvolle manier geleidelik gedoen word. „Voorhamer metodes” hoort nie tuis aan tafel nie. Om die eetfabel moet die gesin opgeruimd en vrolik wees.

S. A. Konferensie

L. L. Moffitt
President
P. W. Willmore
Skr.-Tes.
Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

Kroonstad se Strewers

A. W. STAPLES

DIE Strewers het groot belang gestel in die werk op Kroonstad. Nie alleen het hulle die fondse vir die pogings bymeekaargemaak nie, maar hulle het ook voortdurend gebid dat die Here Leraar Raubenheimer en sy medewerkers in daardie dorp moes gebruik. Die opoffering was nie tevergeefs nie; al ons gebede is verhoor.

Ek het die voorreg gehad om die Kroonstadse kerk te besoek. Hulle hou hul dienste in die Masonic tempel en beskik oor al die fasiliteite nodig vir 'n nette en gerieflike Sabbathuis. Ons het 'n groep ernstige en intelligente gelowiges daar ontmoet. God het 'n nuwe kerk aan hierdie genootskap in Suid-Afrika gegee.

Ons was grootliks geïnteresseerd in die jongmense. Daar is 'n lewendige Strewersvereniging. Onder leiding van Suster Raubenheimer het die jongmense hul lewe aan die Here oorgegee en hulle marsjeer saam met ons onder die Strewersbanier, getrou aan ons doel en ideale.

Op Woensdagaand, 28 November het 'n groot aantal belangstellendes in die tempel bymeekaargekom. Daar het 'n gees van opgewondenheid geheers; dit was „Vriend” bekleedingsaand. Elf „Vriende” het hulle beloftenisse afgelê en gepraat van hul ideale as Strewers. Een vir een het hulle vorentoe

gekrom om hul spelde te ontvang. (On sien hierdie groep saam met Mevr. Raubenheimer en die skrywer op die foto op bladsy 4 van laaste uitgawe wat in die tempel geneem is na die diens).

Ons verwelkom die Kroonstadse Strekers tot onse geleedere. Mag die Here hulle almal getrou maak as ware werkers. Hulle het alreeds begin om vir siele te werk en om opofferings te maak vir die Graaf-Reinsetse poging.

* *

Die Frankfortse Poging

C. E. LUND

TER aanmoediging van ons lede dwaarsdeur die konferensie wil ek 'n kort verslag gee van ons poging en werk te Frankfort. Voor ons aankoms het 'n man hier 'n reeks spesiale dienste gehou. Hierdie dienste het teenstand verwek, en later toe ons dienste begin was daar baie vooroordeel. Daar was pogings aangewend om die mense te waarsku. Toe dit later bekend word watter denominasie ons verteenwoordig was boeke en pamflette wat teen ons geskrywe is onder die mense uitgegee. Die waarskuwings was nie sonder uitwerking nie, want ons dienste was nie so goed bygewoon as ons verwag het nie, maar ons het onself die belofte toegeëien: „As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” Met hierdie gedagte en gebed het ons ons werk aanvaar in die krag van Hom wat ons nog nooit teleurgestel het nie. Ons is vol moed en ons geloof is sterk want ons weet dat ons hemelse Vader die opregtes van hart in die waarheid sal bring. Broeder Herholdt wat die poging hou, is baie besig. Ons weet dat daar baie gebede opgegaan het vir die werk hier en ons wil u bedank vir u belangstelling. Volhard tog in die gebed vir ons. Daar is sewentien grootmense in die doopklas, dus was ons poging hier nie tevergeefs nie. God het ryklik geseen; aan Hom sy al die eer en lof. Ons sien uit na die grote dag wanneer Jesus weer sal kom en ons huis-toe sal gaan saam met dié vir wie ons gearbei het.

* *

Verpleegwerk

SAL applikante asseblief kennis neem dat al die vakatures vir verpleegers in die Goewermentshospitaal te Maritzburg gevul is. Dit is moontlik dat daar nie meer plekke sal oopval voor die einde van die jaar nie, derhalwe word diegene wat applikasie gemaak het, aangeraai om nie op 'n aanstelling te reken of te wag nie. As daar toevallig 'n plek oopval sal die applikante, wat nie suksesvol was nie en wie se applikasies aangeteken is, persoonlik in kennis gestel word.

DR. E. W. INGLE.

* *

Betrekking Gevra

SEWENDE-DAG Adventiste jong man wil baie graag werk hê. Het baie jare onder-

vinding met motors en motorploë. Het kennis van masjienerie en elektrisiteit. Is skilder van beroep en kan ook messelwerk doen. Is in besit van getuigskrifte. Deskundige in hoenderboerdery, en het kennis van landbou, sitrusbedryf, en beesboerdery. Het goeie opleiding en dus bevoeg vir kantoor werk. Is ook in besit van die St. John's Ambulanssertifikaat. Gewillig om na enige deel van Afrika te gaan en vir enige redelike salaris te werk. Afskrifte van getuigskrifte op aanvraag.

Doen aansoek by: Redakteur, OUTLOOK, Grovelaan, Claremont, Kaap.

* *

Getrouheid Beloon

DIE Here toets Sy volk op verskillende maniere in verband met die Sabbat. 'n Geval het ons pas ter ore gekom van 'n persoon wat op die proef gestel was, die toets deurgemaak het, en eindelijk beloon was vir sy getrouheid. Hier volg die geval:

„Leraar Kaplan het 'n roerende toespraak gehou oor die ‚Tuisse van die Saliges’ waarby hy 'n groot skildery wat hyself gemaak het, vertoon het. Die prent het 'n toneel op die nuwe aarde weergegee soos dit in die Bybel beskrywe word. Aan die einde van die lesing het hy 'n beroep gemaak op sy gehoor en gevra dat diegene wat begeer om die waarheid aan te neem hulle hande moet opsteek. Vyf het gehoor gegee. Een was 'n jonggetroude man wat in 'n groot winkel in New York gewerk het. Hy het 'n interessante ondervinding vertel. Hy sê dat hy kort tevore besluit het om die Sabbat te hou en na die hoof van sy departement gegaan het en aan hom gesê het, ‚Ek sal my betrekking moet neerlê aanstaande Vrydag.’ ‚Waarom?’ vra die man verbaas. ‚Omdat ek by die Sewendedag Adventiste Kerk gaan aansluit en voortaan die Sabbat gaan hou.’ Toe die bestuurder merk hoe ernstig hy is, sê hy, ‚Miskien is dit nie nodig vir u om te bedank nie. Laat ons na die hoofbestuurder gaan en sien wat ons kan doen.’ Die uitslag van die saak was dat hy die Sabbat af gekry het, en dat hy ook aangemoedig was om te staan vir sy beginsels.”

Kongo U. Sending

C. W. Bozarth — Superintendent
J. du Plouy, ————— Sekr.-Tes.
Gitwe Mission, P.O. Usumbura,
Urundi, via Elisabethville

Belgiese Kongo

W. H. ANDERSON

DIE werk in die Kongo was in 1920 begin. Hoewel die werk in die begin maar min vordering gemaak het, het God die sendelinge ryklik geseën. Dit het in daardie

dae maar moeilik gegaan om die vertroue van die inboorlinge te win; maar dit was die saaiyd; nou oes ons.

Vir elke vyf-en-veertig lede in ons wêreldssabbatskole is daar een in die Kongo. Vir elke nege in ons dagskole oor die wêreld is daar een in die Kongo. Die ledetal van die Gitwe Sending is so groot as die van die hele Suidelike Afrikaanse Divisie was toe dit in 1921 georganiseer is. Dis ook interessant om daarop te let dat die Gitwe Sending aangelê was in dieselfde jaar toe die Divisie georganiseer was. Daar is op die oomblik byna tienduizend Sabbathouers in die Kongo.

Ons harte gaan uit na die miljoene wat ons nog nie bereik het nie. Daardie velde wat ons nog nie binnegedring het nie sal waarskynlik net so vrugbaar wees as dié waar ons alreeds werk.

Die Unie is van plan om drie nuwe sendingstasies in 1935 aan te lê. Weet u dat die ondervinding ons geleer het dat ons met vyf-en-twintig pond 'n kerk van honderden-vyftig tot tweehonderd lede kan oprig in heetleemal nuwe terrein? „As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.”

* *

Buganda Sending

E. M. DAVIES

So vele gee bydraes om ons sendingwerk te steun deur middel van ons Sabbatskoolofferandes, Beleggingsofferandes of ander fondse wat versamel word om die ewige evangelie in Afrika te verkondig, dat ons voel dat u graag sal wil weet hoe die donasies gebruik word en kan gebruik word op ons sendingstasies. Van tyd tot tyd verskyn daar artikels oor hierdie onderwerp wat vertroue en vrygewigheid inboesem.

Wat ons hier op Buganda betref, hou die werk ons baie besig. Nadat die fondse inkom, rig ons nette skoolgeboue, apteke, en ander geboue op, sommige om die plek in te neem van geboue wat oud en bouvallig is en al baie jare in gebruik is. Anders word die fondse gebruik om onderwysers te verskaf aan die omliggende distrikte. In hierdie opsig is die behoefte baie groot en dit verskaf ons groot vregde as ons in die behoeftes kan voorsien.

'n Interessante feit in die opleiding van natuurlike, is dat die mans baie gouer ontwikkel as die vrouens. Dit is te wyte aan die gewoonte onder die inboorlinge om die vrouens op die agtergrond te hou. Ons doen ons bes om die toestand van die vrouens te verbeter, want ons besef dat die toestand van die inboorling alleen dan sal verbeter as die vrou opgehef word. Dit is nie maklik om ten stryde te trek teen hulle gewoontes nie, maar ons werk hard om die vrouens van Urundi te help.

Onder andere leer ons hulle hoe om die naald te hanteer. Die artikels wat in die naaldwerkklas gemaak word, word verkoop en die opbrings sal gebruik word vir 'n „Girls' Compound.” Dit is onmoontlik om die meidjies goed op te lei tensy ons 'n „compound” kan hê waar netheid, rein-

heid, en al die ander toestande wat onontbeerlik is vir hul opheffing heers. Die meidjies op die stasie is baie entoesiasies oor hul opleiding, en is gelukkig en tevrede in hul werk. Ons staan natuurlik nog maar aan die begin van 'n groot taak, nogtans glo ons dat ons, met geduld en moet, ons doel sal bereik. Dit moedig ons aan om te sien dat die vrouens nie meer wil agterbly nie. Hulle begin besef dat dit 'n deel uitmaak van die Christelike lewe om net en skoon te wees. Daar is ook by hulle 'n hoop en 'n verlange om in daardie beter huis te woon wat vir ewig sal duur, en daarom doen hulle hul bes in hul werk.

Ons wil graag ons waardering te kenne gee vir u hulp en belangstelling in die verlee. Daaronder kon ons nie doen wat gedaan is in die Kongo nie. Dit is voorwaar 'n feit dat ons skatte in die hemel vergaer as ons middele verskaf vir die bevordering van die ewige evangelie.

S. O. A. Unie

H. M. Sparrow — Superintendent
Mej. G. P. Fortner — Sekr.-Tes.
Bus 51, Blantyre, Niasaland

Gods Weg

M. M. WEBSTER

O DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Rom. 11:33. Wat ek graag nadruk op wil lê is Gods weg in Sy handelinge met Sy kinders. Hy maak en vorm ons op verskillende maniere en deur verskillende beproewings, en as ons die beproewings kan deurstaan word ons meer bekwaam.

Baie maal maak ons planne, gee ons advies, en begeer ons dinge, om maar net te vind dat die planne, die advies, en die begeertes van God heeltemal anders is. Omdat dit so is, moet ons langs vreemde weë gelei word totdat ons leer om te verstaan dat alles wat God doen welgedaan is. Ons moet as 't ware deur vuur getoets word.

Miskien word ons in moeilikhede gelei, of ons word geteister, sodat ons 'n voorbeeld vir die ongelowiges mag word. Miskien sien God dat daar 'n karaktertrek in ons ontwikkel moet word om ons meer bruikbaar te maak, of om ons van ondergang te red. Hoogmoed mag miskien heerskappy voer in ons hart, daarom moet Hy ons verneder. Begeerlikheid mag ons harte miskien omstrengel en dan moet die Meester die dinge wat ons tot val kan bring, verwyder. Op die anderkant mag ons te veel op geld of op die arm van vlees steun, en dan, na die goeiddunke van die Here, word ons langs 'n omweg gelei om ons taak te volvoer of ons doel te bereik. Hy mag die omstandighede ook so onmoontlik laat skyn dat ons kan leer om meer op Hom te steun.

Ons hoef nie juis bang te wees vir moeilikhede of te probeer om hulle te vermy nie, want die grootste oorwinnings in die saak van die Here was behaal juis omdat daar moeilikhede en vervolgings was. Dit was toe die apostoliese kerk vervolg was dat hulle uitmekaar versprei het en die evangelie aan alle mense verkondig het. Die vervolging wat die Waldense moes verduur, het hulle net meer vurig gemaak, en hulle het hul lewens vir die saak gegee. Die ontwikkeling van ons werk in Rusland het met baie moeilikhede te kampe gehad maar ten spyte van alles het God Sy werk daar uitgebrei.

Beroemde manne, denkers, leiers, manne van God, het in die gevangenis, deur isolasie, opoffering, en selfverloëning ontwikkel. Dit was in die kerker dat John Bunyan sy beroemde „Pilgrim's Progress” geskryf het. Party van sy beste sendbriewe het Paulus in die gevangenis te Rome geskryf. In Jesaja 51:2 lees ons die volgende omtrent Abraham: „Aanskou Abraham, julle vader, en Sara wat julle gebaar het; want as eenling het Ek hom geroep en hom geseën en hom vermenigvuldig.” Die werk wat die meeste gekos het om te begin, het die grootste resultate gelewer.

Ons begryp nie waarom daar so 'n lang oponthoud moet wees in verband met die werk wat ons in Portugees Oos-Afrika wil open nie, maar ons glo dat God Sy wil sal laat geskied op Sy tyd en op Sy wyse. Ek wil nou nie beweer dat ek 'n Paulus, 'n Moses, of 'n John Bunyan is nie, maar in die geduldige verduring van die dinge wat ons deurgemaak het, het God ons oë hemelwaarts gerig; Hy wil hê dat ons groter vertrou in Sy leiding sal stel en minder in ons eie. Wat die Here se plan is met hierdie volk weet ons nie; en nog minder weet ons langs watter weë Hy die lig van die evangelie aan hulle wil bring. Ons weet slegs dat hulle baie groot behoefte het aan die lig, en ons hoop dat God Sy wil aan ons sal bekend maak. Ons versoek u ook om vir die werk hier te bid, en onthou „Die vurige gebed van 'n regverdigde het groot krag.” Jak. 5:16.



Kennisgewing

DIEGENE wat artikels en rapporte instuur vir die OUTLOOK, moet sorg dat die stukke betyds die Redakteur bereik. Ter inligting van ons medewerkers het ons 'n skedule voorberei met die datums waarop stukke die Redakteur moet bereik om in sekere uitgawes geplaas te word. As u b.v. 'n artikel in die uitgawe van 1 April wil hê, moet dit die Redakteur nie later as 21 Maart bereik nie. Hier volg die skedule:

UITGAWE	MOET REDAKTEUR BEREIK OP
15 Februarie	5 Februarie
1 Maart	22 Februarie
15 Maart	5 Maart
1 April	21 Maart
15 April	5 April
1 Mei	19 April
15 Mei	6 Mei

1 Junie	21 Mei
15 Junie	5 Junie
1 Julie	20 Junie
15 Julie	5 Julie
1 Augustus	22 Julie
15 Augustus	5 Augustus
1 September	21 Augustus
15 September	5 September
1 Oktober	20 September
15 Oktober	7 Oktober
1 November	21 Oktober
15 November	5 November
1 Desember	20 November
15 Desember	5 Desember
1 January 1936	20 Desember



Notice

THOSE who contribute articles and reports to the OUTLOOK, should dispatch their copy to the Editor in sufficient time to have it included in the desired issue. To assist contributors we have prepared a schedule of dates not later than which copy should reach the Editor's desk. For example: Should copy be prepared for the April 1 issue, it must reach the Editor not later than March 21. The following is the schedule of dates:

ISSUE	COPY SHOULD REACH EDITOR
February 15	February 5
March 1	February 22
March 15	March 5
April 1	March 21
April 15	April 5
May 1	April 19
May 15	May 6
June 1	May 21
June 15	June 5
July 1	June 20
July 15	July 5
August 1	July 22
August 15	August 5
September 1	August 21
September 15	September 5
October 1	September 20
October 15	October 7
November 1	October 21
November 15	November 5
December 1	November 20
December 15	December 5
January 1, 1936	December 20



Kennisgewing

DIT is dikwels nodig vir werkers en leke in die Unie van Suid-Afrika om geld te stuur aan persone in Rhodesië. Ter informasie van almal wat hierin betrokke is, wil ons aan die hand gee dat as u geld stuur, u dit deur middel van 'n poswissel of Britse posorder doen, omdat daar dan geen wisselkoers gevorder sal word nie. Moenie 'n Unie posorder gebruik nie want dit kan alleen binne die Unie uitgewissel word.



„Ons bevoegdheid vir diens word bepaal, nie deur ons talente nie, maar deur die beloftes van God.”

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON _____ Editor
MRS. J. L. MILFORD _____ Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright _____ President.
A. E. Nelson _____ Treas. and Auditor
A. F. Tarr _____ Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
M. P. Robison _____ Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter _____ H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison _____ Religious Liberty Secy.

General News Notes

We are glad to welcome a number of missionaries at the Cape. Some of these have come from overseas and others from upcountry.

MISS RENA CURTIS recently arrived to take up work in Nyasaland. She left on the "Llanstephan Castle" for Beira.

MR. AND MRS. G. R. NASH and daughter arrived at Cape Town on the "Windsor Castle" and will proceed north to Malamulo where they will continue their mission work.

BROTHER AND SISTER LYNDON TARR and family are enjoying a pleasant furlough at Kalk Bay with Mrs. Tarr's mother.

BROTHER AND SISTER D. E. DELHOVE and children arrived at Helderberg recently. Brother Delhove is planning to leave two of his children at the college while the others of the family proceed overseas on their furlough.

DR. PARSONS and family arrived at Cape Town recently and are located at Claremont. Dr. Parsons has arranged to do some observing in surgery at the Somerset Hospital. With the Parsons also came Bruce Bredenkamp who has not been enjoying very good health lately. At the present time he is staying with Brother and Sister J. V. Wilson at Helderberg College.

BROTHER AND SISTER O. I. FIELDS have also been enjoying their furlough at Claremont and Helderberg College. The management at the college have greatly appreciated the help which Brother Fields has given in connection with the construction work now going on.

* *

"Words to Writers"

IN this new little booklet, "Words to Writers," is contained much timely advice to those who write or want to write. The author, Miss Mable Hinkhouse, is

both a writer and a proofreader who has been connected with one of our main publishing houses for years and is speaking from practical experience.

To be able to express clearly and convincingly our message of truth through well-written articles, stories, reports, poems, etc., is an accomplishment well worthy of highest endeavour. There are many in our ranks who should qualify for greater efficiency at the point of the pen.

A few of the valuable sections contained in the booklet: Life's Greatest Moments, Self-expression, Qualifications, Learning to Write, Writing Technique, What to Write About, Nothing New? How Writers Write, References, The Writer's Tools, Braving the Editorial Den, etc.

The booklet contains 36 pages, including a four-page supplement to Seventh-day Adventist writers. Price 1/6. Order your copy today from your Book Depository.

* *

The Lesson Help That Fits

DURING the first quarter of this year we are studying a series of Sabbath School lessons different from any we have ever had. The entire set is based upon the "love chapter" of the Bible,—1 Corinthians 13. It will be a good time to memorise the entire chapter. It is short, only thirteen verses.

We have a Lesson Help that fits the lessons. One chapter for each lesson. A booklet that will help you through the quarter, and which you will delight to read again and again.

The Lesson Help was written by Elder S. A. Wellman, associate-secretary of the Sabbath School Department after the lessons were in the hands of the Department in complete form. He wrote each chapter of the book to fit a lesson.

Send in your order early. The book "God's Greatest Gift," sells for 1/6. Order through your Book Depository. You will need the Lesson Help. You will use it. You will enjoy it.

L. FLORA PLUMBER.

* *

Situation Wanted

SEVENTH-DAY ADVENTIST young man wants work urgently. Possesses many years motor and tractor experience. Understands mechanical and electrical work. Painter by trade, also does brick-laying. Holds testimonials for efficiency in many lines. Expert poultryman, and has knowledge of agriculture, citrus and cattle. Well educated, thus suited for clerical work. Holder of a St. John's Ambulance Certificate. Willing to go to any part of Africa and to start at a reasonable wage. Copies of testimonials on request.

Apply: Editor, OUTLOOK, Grove Avenue, Claremont, Cape.

Missionary Volunteers

Beginning about the first of April
The Youth's Instructor
Throws the Spotlight on the
World's Metropolis

In a Thrilling New Series
of Articles Entitled

I DISCOVER LONDON

By

ARTHUR S. MAXWELL
Author of "This Mighty Hour,"
"Uncle Arthur's Bedtime Stories,"
Etc.

If you have been to London
—or you haven't;
If you think you know London
—or you don't,

YOU WILL ENJOY
EVERY WORD OF
THIS FASCINATING
AND INSTRUCTIVE
SERIES

The Chapters

1. The Throbbing Heart of the World. 2. A Thousand Years of Conflict. 3. The Road to World Dominion. 4. Its Ancient Fortress. 5. Its Sacred Shrines. 6. Its Seat of Government. 7. Its Courts of Law. 8. Amid the Hoary Past. 9. Wealth Untold. 10. Poverty Unbelievable. 11. Sunday About Town. 12. Voices in the Wilderness.

DON'T MISS A SINGLE
CHAPTER

Place your order today

The Youth's Instructor
One year 8/-. Six months 5/-.

Order today from your
Home Missionary Secretary
or the
Religious Book Depository